

Oor die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*

Die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* word deur die Fakulteit vir Geesteswetenskappe, Universiteit van die Vrystaat, uitgegee. Dit is 'n nasionale en geakkrediteerde joernaal wat vakwetenskaplike en interdisiplinêre akademiese artikels met 'n eietydse historiese of politiek/staatkundige strekking in beide Engels en Afrikaans publiseer. Slegs artikels waarvan die inhoud op sub-Sahara Afrika en, in besonder, Suid-Afrika sedert 1945 betrekking het, sal vir publikasie oorweeg word. Alle voorgelegde artikels word deur twee vakkenners beoordeel. Indien die evalueringe verskil, word die artikel aan 'n derde keurder as arbiter gestuur. Die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* verskyn ten minste twee keer per jaar, naamlik in Junie en Desember. Soms word 'n aantal gelyksoortige of verwante artikels in 'n spesiale uitgawe gepubliseer. Hierdie uitgawes mag ook artikels rondom onderwerpe voor 1945 insluit. Gasredakteurs kan gebruik word om die redaksie met so 'n teikengerigte uitgawe by te staan. Die redaksie behou egter die finale verantwoordelikheid vir en seggenskap oor die publikasie. Oorsigartikels en boekresensies sal ook vir publikasie oorweeg word. Menings in artikels uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die skrywers en moet nie beskou word as 'n weergawe van die menings of gevolgtrekkings van die redaksie nie. Intekengeld beloop tans R75 per uitgawe, posgeld ingesluit. Spesiale uitgawes is nie hierby inbegrepe nie. Alle navrae kan gerig word aan jnlcontemphist@ufs.ac.za

- Redaksie
- Spesiale uitgawes
- Outeursvoorskrifte
- Intekenvorm